



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEOGRAFIE

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 15 bladsye.

INHOUDSOPGAWE	Bladsy
HOOFSTUK 1: Inleiding	3
HOOFSTUK 2: Assessering in Graad 12	
Formaat van die eksamenvraestelle	
2.1 Vraestel 1: Teorie	4
2.2 Vraestel 2: Kaartwerk	4
2.3 Gewigstoekening van kognitiewe vlakke	4
HOOFSTUK 3: Uitbreiding van inhoud/onderwerpe	5
3.1 Vraestel 1	5
3.2 Vraestel 2	13
HOOFSTUK 4: Algemene nasienriglyne	15
HOOFSTUK 5: Slot	15

HOOFSTUK 1: INLEIDING

Die Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Geografie beskryf die aard en doel van die vak Geografie. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamensriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen in Geografie geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) nie.

Hierdie Eksamensriglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV): Geografie*
- *Die Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R-12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R-12

HOOFSTUK 2: ASSESSERING IN GRAAD 12**FORMAAT VAN DIE EKSAMENVRAESTELLE****2.1 VRAESTEL 1 (TEORIE)**

- 2.1.1 Hierdie is 'n drie-(3)-uur-eksamen en word eerste op die dag van die Geografie-eksamen geskryf.
- 2.1.2 Die vraestel bestaan uit twee afdelings, naamlik Afdeling A en Afdeling B
AFDELING A: Klimaat en Weer en Geomorfologie
AFDELING B: Nedersettingsgeografie en Ekonomiese Geografie van Suid-Afrika
- 2.1.3 Elk van die twee afdelings bestaan uit twee (2) vrae van 75 punte elk.
- 2.1.4 Enige DRIE van die vier vrae moet beantwoord word.
- 2.1.5 Elk van die vier vrae sal met kort/objektiewe tipe vrae van $(15 \times 1) = (15)$ punte begin.
- 2.1.6 Elk van die vier vrae sal twee paragraaftipevrae van (8) punte insluit, dit is twee $(4 \times 2) = (8)$ vrae. Hierdie vrae moet nie puntsgewys beantwoord word nie, maar in volsinne en dit sal analitiese denke en insig verg.
- 2.1.7 'n Verskeidenheid bronne sal gebruik word bv. satellietbeelde, sinoptiese weerkaarte, grafieke, tabelle, sketskaarte, strokiesprente, foto's en koerantartikels.
- 2.1.8 Die volgende instruksies sal op die tweede bladsy van die vraestel verskyn. Leerders moet van die begin van die jaar af van hierdie instruksies bewus gemaak word, aangesien baie leerders nie hierdie instruksies volg nie.
- Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
 - Alle diagramme is in die bylae ingesluit.
 - Nommer jou antwoorde in die MIDDEL van die reël.
 - Laat 'n REËL OOP tussen onderafdelings wat beantwoord word.
 - Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
 - Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
 - MOENIE in die kantlyne van jou ANTWOORDEBOEK skryf nie.
 - OMKRING die nommers van die vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van jou ANTWOORDEBOEK.
 - Waar moontlik, illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme.
 - Skryf netjies en leesbaar.

2.2 VRAESTEL 2 (KAARTWERK)

- 2.2.1 Hierdie is 'n een-en-'n-halfuur-(1½)-vraestel en word tweede op die dag van die Geografie-eksamen geskryf.
- 2.2.2 Die vraestel bestaan uit vier (4) VERPLIGTE vrae wat soos volg saamgestel is:
- VRAAG 1: Meervoudigekeuse-vrae – 15 (enkel punte) – oor die hele sillabus
- VRAAG 2: Geografiese tegnieke en berekenings (sluit dwarsnitte en toepassing in) – 20 (enkel punte)
- VRAAG 3: Toepassing van teorie/kaart- en fotovertolking – 25 (enkel punte vir definisies en identifisering van verskynsels soos landvorme, hellings, dreineerpatrone, nedersettingspatrone, straatpatrone, ens. Dubbel punte vir die verskaffing van redes, toepassing, interpretasie, analise en evaluasie.)
- VRAAG 4: Geografiese Inligtingstelsels – 15 (enkel punte vir definisies. Dubbel punte vir die verskaffing van redes, toepassing, analise en evaluasie.)

2.3 GEWIGSTOEKENING VAN KOGNITIEWE VLAKKE

Laer-orde (Kennis en Onthou)	Middelorde (Verstaan en Toepas)	Hoër-orde (Analiseer, evalueer en skep)
25%	50%	25%

HOOFSTUK 3: UITBREIDING VAN INHOUD/ONDERWERPE**3.1 VRAESTEL 1 (TEORIE)****3.1.1 Klimaat en Weer****Middelbreedte-siklone**

- Algemene kenmerke
- Gebiede van oorsprong
- Toestande benodig vir ontwikkeling
- Stadiums van ontwikkeling
- Verwante weerpatrone
 - Kouefronttoestand
 - Warmfronttoestande
 - Okklusiefronttoestande
- Sikloonfamilies
- Impak/Invloed op menslike aktiwiteite en die omgewing
- Moontlike voorsorgmaatreëls en bestuurstrategieë
- Identifikasie op sinoptiese weerkaarte en satellietbeelde
 - Identifikasie van ontwikkelingstadiums op sinoptiese weerskaarte
 - Interpretasie van weersimbole, weervoorspelling en impak

Tropiese Siklone

- Algemene kenmerke
- Gebiede van oorsprong en verwante begrippe
- Toestande benodig vir ontwikkeling
- Stadiums van ontwikkeling
- Verwante weerpatrone
- Impak op menslike aktiwiteite en die omgewing (insluitend die impak van oorstromings)
- Voorsorgmaatreëls en bestuurstrategieë om die gevolge van tropiese siklone (insluitend oorstromings) te bestuur
- Identifikasie op sinoptiese weerkaarte en satellietbeelde
 - Identifikasie van ontwikkelingstadiums op sinoptiese weerkaarte
 - Interpretasie van weersimbole
- Gevallestudie van EEN onlangse tropiese sikloon wat Suider-Afrika beïnvloed het

Subtropiese Antisiklone (Hoogdrukselle) en Gepaardgaande Weerstoestande oor Suid-Afrika

- Ligging en identifisering van die DRIE hoogdrukselle wat Suid-Afrika beïnvloed
 - Suid-Atlantiese/St. Helena-hoogdrukssel
 - Suid-Indiese/Mauritius-hoogdrukssel
 - Kalahari/Kontinentale-hoogdrukssel
- Algemene kenmerke van die DRIE hoogdrukselle
- Invloed van antisiklone op Suid-Afrika se weer en klimaat
- Interpretasie en die lees van inligting wat verband hou met die DRIE hoogdrukselle op sinoptiese weerkaarte
- Ontwikkeling van bewegende versteurings wat met antisikloniese sirkulasie verband hou
 - Vogfront en lyndonderstorms
 - Kuslaagdrukstelsel
 - Suid-Afrikaanse bergwind
- Gepaardgaande weerstoestande en impak geassosieer met bewegende versteurings
- Identifikasie van bewegende versteurings op sinoptiese weerkaarte en satellietbeelde
- Die lees van en interpretasie van sinoptiese weerkaarte en satellietbeelde wat weer wat met antisikloniese sirkulasie verband hou toon

Valleiklimate

- Hellingrigting
 - Definisie
 - Impak op die verspreiding van temperatuur in 'n vallei
 - Impak op menslike aktiwiteite in 'n vallei
- Ontwikkeling van
 - Anabatiese winde
 - Katabatiese winde
 - Inversies/termiese gordel
 - Rypholtes
 - Stralingsmis
 - Teken eenvoudige vryhandsketse om anabatiese en katabatiese winde voor te stel
- Invloed op menslike aktiwiteite
 - Nedersetting
 - Landbou

Stedelike Klimate

- Redes vir verskille tussen landelike en stedelike klimate
- Stedelike hitte-eilande
 - Oorsake van stedelike hitte-eilande/faktore wat tot hoër temperature in stede lei
 - Gevolge van stedelike hitte-eilande
- Besoedelingkoepels
 - Oorsake van besoedelingskoepels
 - Gevolge van besoedelingskoepels
- Strategieë om die stedelike hitte-eilandeffek te verminder

Interpretasie van Sinoptiese Weerkaarte

- Gebruik van internasionale simbole
- Identifikasie en kenmerke van hoog- en laagdrukselle
- Interpretasie van die impak van hoog- en laagdrukselle
- Die lees en interpretasie van stasiemodel
- Satellietbeelde – lees en interpretasie
- Vergelyk satellietbeelde met sinoptiese weerkaarte

3.1.2 Geomorfologie**Dreineerstelsels in Suid-Afrika**

- Konsep van
 - Dreineerbekken
 - Opvanggebied
 - Riviersisteem
 - Sytak
 - Samevloeiing
 - Waterskeiding
 - Interfluviale/tussenrivierse waterskeiding
 - Oorsprong/bron
 - Riviermond
 - Oppervlakafloop
 - Grondwater
 - Watertafel
- Tipes riviere
 - Permanent
 - Periodies
 - Episodies
 - Eksoties

- Onderliggende rotsstrukture, ontwikkeling en kenmerke van die volgende dreineringspatrone:
 - Dendrities
 - Tralie
 - Reghoekig
 - Radiaal
 - Sentripetaal
 - Ontwrigte
 - Parallel
- Definisie en faktore wat dreineerdigheid beïnvloed
 - Neerslag
 - Grondvogtigheid
 - Plantegroei
 - Helling/Gradiënt
 - Porositeit
 - Permeabiliteit/deurlaatbaarheid
- Bepaling van stroomorde
- Gebruik van topografiese kaarte om dreineringspatrone, dreineerdigheid en stroomorde te bepaal
- Rivierafloop
 - Laminêre vloei
 - Turbulente vloei

Fluviale Prosesse

- Rivierprofiële
 - Definisie, beskrywing en geassosieerde kenmerke
 - Kruis-/Dwarsprofiel
 - Lengteprofiel
 - Verhouding tussen beide profiële en rivierstadiums (bo-, middel-, benede loop)
- Riviergradering
 - Onderskei tussen gegradeerde en ongegradeerde strome
 - Erosiebasisvlak
 - Tydelike erosiebasisvlak
 - Permanente erosiebasisvlak
- Rivierverjonging
 - Redes vir verjonging
 - Verskynsels van verjonging
 - Knakpunt
 - Terrasse
 - Valei in 'n vallei
 - Ingekerfde rivierkronkels/meanders
- Identifisering, beskrywing en ontwikkeling van fluviale landvorms
 - Meander/Rivierkronkel
 - Stootoewer
 - Gly-oewer
 - Hoefystermeer
 - Sandbanke
 - Vlegstrome
 - Vloedvlakte
 - Natuurlike rivieroewer/-dyk
 - Waterval
 - Stroomversnelling
 - Delta
 - Gebruik van fluviale landvorms deur mense

- Stroomroof
 - Konsep van
 - Abstraksie
 - Stroomroof
 - Verskynsels geassosieer met stroomroof
 - Roofstroom
 - Geroofde stroom
 - Verarmde stroom
 - Roofelmbog
 - Windsaal/Riviergruis
 - Impak van stroomroof op die roofstroom en geroofde stroom
 - Implikasies van stroomroof op menslike aktiwiteite, nedersettings, ontspanning, landbou en oorstromings
 - Identifisering van verskynsels geassosieer met stroomroof op topografiese kaarte

- Geërfde en antesedente dreineerpatrone

Opvangsgebied en Rivierbestuur

- Belangrikheid daarvan om dreineerbekke/Opvangsgebiede te bestuur
- Impak van mense op dreineerbekke/Opvangsgebiede
 - Rivierbesoedeling
 - Oorbeweiding
 - ontbossing
 - Menslike nedersetting
- Strategieë om dreineerbekke/Opvangsgebiede te bestuur
- Gevallestudie van oor die bestuurstrategie van een opvangsgebied in Suid-Afrika

3.1.3 Landelike Nedersetting en Stedelike Nedersetting

Nedersettingstudie

- Konsep van
 - Nedersetting
 - Standplaas
 - Ligging
- Landelike en stedelike nedersettings
- Klassifikasie van nedersettings volgens
 - Grootte en kompleksiteit
 - Patroon
 - Funksie
 - Stedelik/landelik

Landelike Nedersettings

- Hoe standplaas en ligging die vestiging van landelike nedersettings beïnvloed
- Klassifisering van landelike nedersettings volgens
 - Patroon
 - Funksie
- Redes waarom landelike nedersettings verskillende buitelynvorms aanneem
 - Rond
 - Lineêr
 - Kruispad
 - T-vormig
- Grondgebruik in landelike nedersettings

Landelike Nedersettingskwessies

- Konsep van landelik-stedelike migrasie
- Konsep van landelike ontvolking
 - Oorsake en gevolge van landelike ontvolking op mense en die ekonomie
 - Strategieë om landelike ontvolking te ontmoedig
 - Gevallestudie wat die gevolge van landelike ontvolking illustreer en die strategieë om dit aan te spreek
- Sosiale/maatskaplike geregtigheidskwessies in landelike gebiede
 - Toegang tot hulpbronne
 - MIV/Vigs
 - Grondhervorming
 - Grondhervorming
 - Herverdeling van grond
 - Grondeise/-restitusie

Stedelike Nedersettings

- Die oorsprong en ontwikkeling van stedelike nedersettings
- Verstedeliking van die wêreldbevolking
- Konsep van
 - Verstedeliking
 - Stedelike groei
 - Stedelike uitbreiding
 - Ongebreidelde stedelike uitbreiding
 - Tempo van verstedeliking
 - Vlak van verstedeliking
 - Interpretasie van grafieke en statistiek
- Hoe standplaas en ligging die vestiging van stedelike nedersettings beïnvloed
- Klassifikasie van stedelike nedersettings volgens funksie
 - Sentrale plekke
 - Handels- en vervoerstrate
 - Vragverbrekingspunte
 - Gespesialiseerde stede
 - Aansluitingsdorpe
 - Poortdorpe

Stedelike Hiërargieë

- Konsep van
 - Stedelike hiërargie
 - Sentrale plekke
 - Drempelbevolking
 - Invloedsfeer
 - Reikwydte van goedere
- Konsep van
 - Lae- en hoë-orde-funksies/dienste
 - Lae- en hoë-orde-sentrums

Stedelike Struktuur en Patrone

- Interne struktuur en patrone van stedelike nedersettings
 - Grondgebruiksone insluitend redes vir ligging en kenmerke
 - Kommersieel
 - Residensieel
 - Nywerhede
 - Verval-/oorgangsones
 - Groengordel
 - Landelik-stedelike oorgangsones
 - Faktore wat die morfologiese struktuur van 'n stad beïnvloed

- Stedelike profiele
 - Konsep van stedelike profiel
 - Redes vir die vorm van stedelike profiel
- Modelle van stedelike struktuur
 - Burgess/Konsentries
 - Hoyt/Sektor
 - Harris en Ullman/veelvuldige-kerne
 - Moderne Amerikaans-westerse stad
 - Derdewêreld-stad
 - Suid-Afrikaanse stad - veranderende stedelike patrone en grondgebruik

Stedelike Nedersettingskwessies

- Huidige verstedelikingspatrone in Suid-Afrika
- Stedelike kwessies wat verband hou met snelle verstedeliking
 - Probleme in die stadskern
 - Stedelike verval
 - Verkeersopeenhopings
 - Gebrek aan beplanning
 - Oorbesetting
 - Behuisingstekorte
 - Dienslewering
- Informele nedersettings
 - Groei van informele nedersettings
 - Kwessies verwant aan informele nedersettings
 - Strategieë om kwessies rakende informele nedersettings aan te spreek
 - Gevallestudies van oor die wêreld en Suid-Afrika
- Gevallestudies wat wys hoe geselekteerde stedelike gebiede in Suid-Afrika stedelike uitdagings bestuur
 - Omgewingsongeregtighede
 - Lugbesoedeling
 - Geraasbesoedeling
 - Vernietiging van ekosisteme
 - Ekonomiese ongeregtighede
 - Armoede
 - Swak openbare vervoerstelsels
 - Sosiale/maatskaplike ongeregtighede
 - Ongelyke toegang tot dienste
 - Ongelyke toegang tot hulpbronne

3.1.4 Ekonomiese Geografie van Suid-Afrika

Die Struktuur van die Ekonomie

- Ekonomiese sektore - definisies en voorbeelde
 - Primêre aktiwiteite
 - Sekondêre aktiwiteite
 - Tersiere aktiwiteite
 - Kwaternêre aktiwiteite
- Bydrae van die ekonomiese sektore tot die Suid-Afrikaanse ekonomie
 - Waarde/bydrae tot die BBP en BNP
 - Indiensneming
- Gebruik/interpretasie van statistiese en grafiese inligting

Landbou

- Bydrae van landbou tot die Suid-Afrikaanse ekonomie
- Die rol van kleinboere en grootskaal boere
- Vernaamste landbouprodukte
 - Beeste
 - Mielies
 - Suikerriet
 - Tuismark
 - Uitvoermark
- Pas faktore wat landbou begunstig toe op Suid-Afrika se vernaamste landbouprodukte
- Pas faktore wat landbou verhinder toe op Suid-Afrika se vernaamste landbouprodukte
- Voedselsekerheid/-onsekerheid
 - Definisie
 - Belangrikheid van voedselsekerheid in Suid-Afrika
 - Faktore wat voedselsekerheid in Suid-Afrika beïnvloed
- Gevallestudies met betrekking tot voedselsekerheid in Suid-Afrika

Mynbou

- Bydrae van mynbou tot Suid-Afrika se ekonomie
- Betekenis van mynbou tot die ontwikkeling van Suid-Afrika
- Vernaamste mynbouprodukte
 - Steenkool
 - Goud
 - Platinum
- Pas faktore wat mynbou begunstig toe op Suid-Afrika se vernaamste produkte
- Pas faktore mynbou verhinder toe op Suid-Afrika se vernaamste mynbouprodukte
- Gevallestudie om een van Suid-Afrika se belangrikste minerale met betrekking tot bogenoemde aspekte te illustreer

Sekondêre en Tersiêre Sektore

- Bydrae van sekondêre aktiwiteite tot Suid-Afrika se ekonomie
- Tipes nywerhede
 - Swaar en lig
 - Grondstof-georiënteerde
 - Markgerigte
 - Onafhanklike
 - Alomteenwoordige
 - Brug-/vragverbrekkingsnywerhede
- Faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika bevoordeel
 - Grondstowwe
 - Arbeidsvoorsiening
 - Watervoorsiening
 - Energievoorsiening
 - Vervoer
 - Politieke ingryping
 - Mededinging/kompetisie
 - Handel
- Faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika benadeel
 - Oorkonsentrasie
 - Vervoer
 - Lugbesoedeling
 - Arbeidsvoorsiening
 - Watervoorsiening
 - Grondstowwe
 - Politieke ingryping
 - Mededinging/kompetisie
 - Handel

- Vier kernnywerheidsgebiede van Suid-Afrika
 - PWV (Gauteng)
 - Durban-Pinetown (eThekweni)
 - Port Elizabeth-Uitenhage (Nelson Mandela-metropool)
 - Suidwes-Kaap
 - Kaart wat ligging aantoon
 - Faktore wat hulle ligging bevorder
 - Belangrikste nywerheidsaktiwiteite
 - Gevallestudie uit Suid-Afrika om bogenoemde te illustreer
- Strategieë vir nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika
 - Oorsig van apartheid en post-apartheid nywerheidsontwikkelingstrategieë
 - Die Goeie Hoop-plan (apartheid)
 - Die Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram (HOP/RDP) (post-apartheid)
 - Groei, Werkskepping en Herverdeling (GEAR) (post-apartheid)
 - Konsep en verspreiding van Nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e)
 - Gevallestudies van twee Ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e)
 - Maputo-ontwikkelingskorridor
 - Wilde Kus
 - Kwessies wat met nywerheidsentralisasie en -desentralisasie verband hou
- Bydrae van tersiêre aktiwiteite tot die Suid-Afrikaanse ekonomie
 - Definisie van tersiêre aktiwiteite
 - Voorbeelde van tersiêre aktiwiteite
 - Interpretasie van grafieke en tabelle
 - Gevallestudies rakende die bydra van tersiêre aktiwiteite tot die Suid-Afrikaanse ekonomie

Die Informele Sektor

- Konsep van informele sektor indiensneming
- Eienskappe van informele sektor indiensneming
- Redes vir hoë indiensneming binne die informele sektor in Suid-Afrika
- Uitdagings wat die informele sektor van Suid-Afrika in die gesig staar
- Belangrikheid/rol van die informele sektor in die ekonomie
- Bemagtiging van die informele sektor
- Gevallestudies om bogenoemde binne die Suid-Afrikaanse konteks te illustreer

3.2 VRAESTEL 2 (GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE)

3.2.1 1 : 50 000 Topografiese Kaarte

Al die geografiese vaardighede en kennis wat in graad 10 en 11 bestudeer is, is relevant vir graad 12

Kaartwerktegnieke

Hierdie konsepte moet op 'n geïntegreerde wyse studeer word.

- Kontoerlyne, kontoerinterval en -hoogte en konvensionele tekens
- Kompasrigting
- Ware/geografiese peiling
- Magnetiese deklinasie en peiling
- Kaartskaal – tipes skale en vergelyking die skale van topografiese kaarte, ortofotokaarte en lugfoto's
- Berekening van reguitlynafstand in die werklikheid
- Berekening van die oppervlakte van reëlmatige verskynsels
- Kaartverwysingnommers/kaartindeks
- Alfanymeriese verwysing/ruitverwysing
- Kaartkoördinate/Presiese ligging – bepaling van koördinate
- Berekening en interpretasie van gradiënte
- Dwarssnitte – teken van dwarsnitte, dui posisie van verskynsels op dwarsnitte aan en die identifisering van verskynsels wat deur dwarsnitte aangetoon word
- Intersigbaarheid
- Berekening van vertikale vergroting

Topografiese Kaarttoepassing

- Interpretasie van 1 : 50 000 topografiese kaarte
 - Interpretasie van fisiese verskynsels, bv. reliëf, dreinerings, klimaat en plantegroei
 - Interpretasie van kulturele verskynsels, bv. nedersetting, grondgebruik en vervoernetwerke
- Toepassing van alle aspekte van die sillabus wat in die teoretiese afdeling van Geografie gedek is
- Interpretasie van temperatuur, reënval, klimaatstreke en -biome, grafieke en tabelle wat van toepassing is op die 1 : 50 000 topografiese kaart en die 1 : 10 000 ortofotokaart wat geassesseer word

Foto's

- Tipes foto's
- Voordele en nadele van verskillende tipes foto's
- Ortofoto-kaarte
- Interpretasie van grootte, vorm, kleurskakering, tekstuur, skaduwee en patrone op vertikale lugfoto's om verskynsels, landvorms en aktiwiteite op foto's en ortofotokaarte te identifiseer
- Oriëntering van ortofotokaart met topografiese kaart
- Vergelyk ortofotokaarte met topografiese kaart
- Alle tegnieke wat onder kaartwerktegnieke genoem is, is ook van toepassing op ortofotokaarte

Ortofoto-kaarttoepassing

- Interpretasie van 1 : 10 000 ortofotokaarte
 - Interpretasie van fisiese verskynsels, bv. reliëf, dreinerings, klimaat en plantegroei
 - Interpretasie van kulturele verskynsels, bv. nedersetting, grondgebruik en vervoernetwerke
- Toepassing van alle aspekte van die sillabus wat in die teoretiese afdeling van Geografie gedek is

3.2.2 Kaartprojeksies

- Tipes kaartprojeksies
 - Mercator
 - Gauss Konforme
- Tipes kaarte
 - Verwysingskaarte
 - Tematiese kaarte – definieer, identifiseer en interpreteer verskillende tipes tematiese kaarte met behulp van 'n atlas

3.2.3 Geografiese Inligtingstelsels (GIS)

- Konsep van
 - GIS
 - Afstandswaarneming
 - Resolusie
 - Beeldelement/piksel
 - Ruimtelike en spektorale resolusie
 - Ruimtelike en attribuutdata
 - Vektor- en rasterdata
 - Ruimtelike voorwerpe
 - Punte/nodusse
 - Lyne
 - Oppervlaktes/poligone
- Konsep van inligtingslae/datalae
- Komponente van 'n GIS
- Inligtingsbronne vir GIS
- Datamanipulasie en -analise
 - Konsep van datamanipulasie
 - Data-integrasie
 - Bufferskepping
 - Bevraagtekening
 - Statistiese analise
- Data standaardisering
- Deel van data
- Databeveiliging
- Toepassing van GIS deur die
 - Regering
 - Privaat sektor
- Ontwikkeling van 'n 'papier-GIS' vanaf bestaande kaarte, foto's en ander inligtingsbronne op lae natrekpapier
- Identifiseer en interpreteer konsepte deur gegewe data soos satellietbeelde, topografiese kaarte, ortofotokaarte, lugfoto's, prente en statistieke in grafieke en tabelle te gebruik

HOOFSTUK 4: ALGEMENE NASIENRIGLYNE**4.1 VRAESTEL 1**

- Definisies moet nagesien word deur na die konsep te kyk. Definisies moet nie verbatim soos wat dit in handboeke verskyn, nagesien word nie.
- Maak 'n merkie langs die feit/inligting waarvoor punte toegeken word.
- Die hele vraag moet nagesien word. Moet nie net na die eerste feite/inligting kyk en 'n punt, bv. 0 (nul) toeken nie. Daar kan korrekte feite/inligting later in die antwoord verskyn en punte moet daarvoor toegeken word.
- Lees behoorlik deur die antwoord. Korrekte antwoorde kan gegee word wat nie in die memorandum/nasienriglyn verskyn nie. Kandidate moet punte kry vir hierdie antwoorde.
- Wanneer paragraaftipevrae nagesien word, sien toe dat kandidate in volsinne en nie puntsgewys antwoord nie.
- Moet nie negatief nasien nie.

4.2 VRAESTEL 2

- Definisies moet nagesien word deur na die konsep te kyk. Definisies moet nie verbatim soos wat dit in handboeke verskyn, nagesien word nie.
- Maak 'n merkie langs die feit/inligting waarvoor punte toegeken word.
- Die hele vraag moet nagesien word. Moet nie net na die eerste feite/inligting kyk en 'n punt, bv. 0 (nul) toeken nie. Daar kan korrekte feite/inligting later in die antwoord verskyn en punte moet daarvoor toegeken word.
- Lees behoorlik deur die antwoord. Korrekte antwoorde kan gegee word wat nie in die memorandum/nasienriglyn verskyn nie. Kandidate moet punte kry vir hierdie antwoorde.
- Wanneer paragraaftipevrae nagesien word, sien toe dat kandidate in volsinne en nie puntsgewys antwoord nie.
- Moet nie negatief merk nie.
- Berekenings:
 - Punte kan toegeken word vir die gee van die korrekte formule as die formule nie verskaf is nie.
 - Punte sal vir die korrekte vervanging van waardes in die formule toegeken word.
 - As 'n fout tydens vervanging in 'n korrekte formule gemaak word, sal 'n punt vir die korrekte formule toegeken word asook vir die korrekte vervangings, maar geen verdere punte sal toegeken word nie.
 - Punte sal vir die korrekte antwoord toegeken word.
 - As die antwoord verkeerd is, moet die berekening van vooraf nagesien word, en punte moet toegeken word tot by die stap waar die kandidaat verkeerd bereken het.
 - As 'n eenheid, bv. kilometer verlang word, moet die antwoord verkeerd nagesien word as dit nie aangedui word nie. Punte moet wel vir al die berekeningstappe toegeken word wat tot die antwoord lei.
 - Punte word slegs vir 'n formule toegeken indien die kandidaat die berekening aangepak het, bv. vervangings is gemaak of 'n numeriese antwoord word gegee.
 - Alle berekeninge, indien nie in die vraag gespesifiseer nie, moet tot 'n minimum van EEN desimale plek gedoen word.
 - As die finale antwoord van 'n berekening korrek is, kan volpunte toegeken word in die kandidaat die formule skryf, vervangings gedoen is en berekeningstappe getoon word. As die kandidaat slegs die antwoord neerskryf, word punte slegs vir die antwoord toegeken.

HOOFSTUK 5: SLOT

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.